**CQWW Baanbreker-Kategorie-Reëls**

Die nuwe Baanbreker-kategorie is gevestig om amateurs toe te laat om aan die CQ Wêreldwye wedstryd deel te neem met skeppende eksperimente met Internet-gekoppelde stasies en ander nuwe tegnologie. Die doel van hierdie kategorie is om innoverende bedryfstegnieke, stasieontwerp en tegnologietoepassing aan te moedig.

Die basiese reëls van die CQWW DX-Wedstryd geld in terme van wedstrydperiode, uitruilings en tellings. Die volgende reëls geld bo en behalwe die bestaande reëls:

1. **Doelwit:** Die Baanbreker-kategorie stel ten doel om innovering in bedryfstegnieke, stasieontwerp en tegnologietoepassing aan te moedig.
2. **Inskrywingskategorieë (net Hoë Drywing waar die totale uitsetdrywing nie 1500 W mag oorskrei nie)**:

    a) Enkel-operateur, waarin een gelisensieerde radioamateur as die beheeroperateur optree en alle bedryfs- en rekordhoufunksies uitvoer of bestuur.

    b) Meer-operateur, waarin meer as een operateur bedryfs- en rekordhoufunksies uitvoer of bestuur. Lede van ’n meer-operateurspan mag van meer as een plek af deelneem.

3. **QSO-bewusmaking en werwing:** Die gebruik van hulpmiddels om van QSO’s bewus gemaak te word, soos pakketradio, die Internet, plaaslike of afgeleë Skimmer-tipe toestelle, Internet-besprekingsgroepe ens. word in beide die Enkeloperateur- en Meer-operateurkategorieë toegelaat, Internet besprekingsgroepe, sosiale media ens. word ook in die Enkel- en Meeroperateurkategorieë toegelaat. Self-melding of versoeke om op netwerke aangemeld te word, word nie toegelaat nie. Alle kontakte moet oor die lug plaasvind.

4. **Standplase:** Alle inskrywings mag meer as een send- en ontvangstandplase gebruik. Alle senders moet in dieselfde land en CQ-sone wees. Afgeleë ontvangers mag op enige plek wees.

5. **Uitsendings**: Alle QSO’s wat deur ’n Baanbreker-deelnemer gemaak word moet dieselfde roepsein gebruik. Een uitgesaaide sein word per band toegelaat, ongeag die standplaas. Maksimum seinbandwydte mag nie die normale bandwydte van ’n enkelsybandstemsein (vir die Stemnaweek) of Kode (vir die Kode-naweek) oorskrei nie. Multi-dragolfseine en tyd-multipleksseine wat meer as een kanaal beslaan is dus nie toelaatbaar nie. Dit is ook nie toelaatbaar om twee frekwensies op ’n enkele band te beste nie, selfs as hulle tyddeel. Dit is byvoorbeeld nie toelaatbaar meer as een lopie-stasie op dieselfde band te hê nie, al saai hulle nie gelyk uit nie.
6. **Beheeroperateur(s)**: Die menslike beheeroperateur(s) is verantwoordelik dat normale voorsorg geneem word voor uitsendings, soos om te luister of ’n frekwensie skoon is voordat daar CQ geroep word. Hierdie vereiste is veral belangrik in die geval van outomatiese robot-stasies. Enige stasie wat steurings veroorsaak in weerwil van hierdie

reël sal gediskwalifiseer word en die beheeroperateur kan ook uit die volgende jaar se CQWW DX-Wedstryd verban word. Alle afstandbedryf moet binne die regulasies van die land waarin die sender(s) geleë is plaasvind.

7. **Logvoorlegging:** Logs moet by cqww.com opgelaai word. Logs moet in Cabrillo-formaat wees en moet die lyn CATEGORY-STATION: EXPLORER insluit.
8. **Toekenning**: Die wenner in die Enkel- en Meeroperateurskategorieë sal elk ’n trofee ontvang. Verder kan deelnemers wat besondere innovering toon spesiale trofeë in die diskresie van die CQWW DX-Wedstrydkomitee ontvang.
9. **Klubtellings**: Inskrwings in hierdie kategorie kom ***nie*** vir bydraes tot hulle klub in die Klubwedstryd in aanmerking nie.

*Die Afrikaanse vertaling van die reëls is ’n diens aan die wedstrydgemeenskap. Die Engelse reëls is gesaghebbend. Vertaling deur Chris R. Burger ZS6EZ.*